# Kraggakamma Huisgeloof
## vir kleingroepe, families en stiltetyd
**(8-12 Junie 2026)**

---

## ONS ONTMOET MEKAAR
Vertel hoe jy in die afgelope week ‘n ligdraer was of iemand ontmoet het wat ‘n ligdraer is.

## ONS ONTMOET VIR GOD: GEBED, LOF EN AANBIDDING
Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan en bid vir mekaar.

## GOD ONTMOET ONS
**Skriflesing:** Filippense 2:12-18
**Tema:** Lewe as mense van die lig.

## Gespreksvrae:
1. Wat tref jou wanneer julle die gedeelte lees?

2. Gesels oor die volgende 6 eienskappe van ‘n ligdraer en of en hoe dit in ons lewens sigbaar, of dalk onsigbaar, is.

Ligdraers:

2.1 is altyd en oral gehoorsaam aan God, ook waar geen ander mens jou sien nie (Fil. 2:12a)

2.2 is nie klakouse nie (Fil. 2:14)
“It is better to light a candle than to curse the darkness.”
Waarom dink jy is kla so skadelik vir ons geloof en ons getuienis?
Watter dinge sukkel jy die meeste om nie oor te kla nie? Wat is die verskil tussen kla en die probleem aanspreek?

2.3 leef onberispelik te midde van ’n korrupte wêreld (Fil. 2:15 en Daniël 6:6)

2.4 verkondig die goeie nuus van Jesus Christus (Fil. 2:16)

2.5 se lewens word as drankoffers uitgegiet (Fil. 2:17)

2.6 is bly mense (Fil. 2:18)
Hoe kan ons vreugde in die Here behou veral wanneer omstandighede moeilik of teleurstellend is?

3. Is dit enigsins moontlik om so, as ‘n ligdraer, te leef? Kry jy dit reg? (Fil. 2:12b-13)

## GOD ONTMOET DIE WÊRELD DEUR ONS

Van die kenmerke van ligdraers waaroor julle gesels het, watter een wil jy, met God wat jou gewillig en bekwaam maak, doelbewus inoefen hierdie week?

### KRAGGAKAMMA KAMPIOEN KERMIS

Ons kermis is op Saterdagoggend, 20 Junie 2026.
Kom raak asb. persoonlik betrokke:

- Raak betrokke by ‘n stalletjie. Lees meer oor waar jy betrokke kan raak in die Kermis Koerant of op die Kermislys.
- Maak ‘n finansiële skenking of help met benodighede.
- Bestel vir julle Lamsvleis.

Die kermiskoerant, kermislyste en lyste vir bestellings vir vleis is in die voorportaal en op ons webblad beskikbaar.

- Help weer kaartjies verkoop waarmee groot pryse gewen kan word. Boekies is by jou kerkraadslid of by die kerkkantoor beskikbaar.

Vir meer inligting, kontak die Kerkkantoor.
Kom wees saam ‘n BOK vir sports!